# ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

22 November 2012

Dagsê Almal

Ons prys en loof die Here vir die werk wat instroom na ons TV verskyning. My selfoon gons kort-kort met ‘n boodskap van Faith wat sê nog bestellings – ons staan tans na 48 uur reeds op byna 300 kussings wat gemaak moet word. Die vrouens se geesdrif na hulle hulself op die TV gesien het is aansteeklik en senuagtige laggies word gehoor. Die opleidingslokaal lyk soos ‘n fabriek waar uitgelê en gesny word. Die spons stop is ‘n groot gemors maar die mans maak maar weer ewe geduldig skoon. Die naaimasjiene gons as ek in die gang verby stap. Die Here is onbeskryflik goed vir ons en die dankbaarheid onder hierdie werklose vroue sommer baie groot. Ons het nie hierdie jaar ‘n markdag gehad nie maar hierdie geleentheid maak op daarvoor. So bestem die Here dinge sonder dat ons dit altyd besef.

Indien u nog geskenkpakkies vir die bejaardes kan skenk sal dit opreg waardeer word.

Baie dankie vir almal wat tydens my wegbreek die mense gaan versorg. Almal is geholpe.

Ons kombuiskaste is BAIE BAIE leeg aan margarien, bovril, blikkieskosse soos vleis, vis en groente, aanmaak koeldrank, koffie, suiker, BOKSMELK en vir die badkamer - TOILETPAPIER, spuitgoed en aanrol vir mans en vroue, sjampoe en handeroom.

Eljada Huis groete

Annatjie